# REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

# STAATSKOERANT

# GOVERNMENT GAZETTE

## FOR THE REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

*As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer*

*Registered at the Post Office as a Newspaper*

**R1,00** Prys • Price
**R0,10** Plus 10% BTW • VAT
**R1,10** Verkoopprys • Selling price
Buitelands **R1,40** Other countries
Posvry • Post free

VOL. 325

KAAPSTAD, 8 JULIE 1992

CAPE TOWN, 8 JULY 1992

No. 14120


KANTOOR VAN DIE STAATSPRESIDENT

No. 1904. 8 Julie 1992

Hierby word bekend gemaak dat die Staatspresident sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

No. 116 van 1992: Wet op Alexkor Beperk, 1992.

STATE PRESIDENT'S OFFICE

No. 1904. 8 July 1992

It is hereby notified that the State President has assented to the following Act which is hereby published for general information:—

No. 116 of 1992: Alexkor Limited Act, 1992.

# WET

**Om voorsiening te maak vir die inlywing van die Alexanderbaai-ontwikkelingskorporasie as 'n publieke maatskappy en vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.**

*(Engelse teks deur die Staatspresident geteken.)*
*(Goedgekeur op 2 Julie 1992.)*

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident en die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

**Woordomskrywing**

**1.** Tensy uit die samehang anders blyk, beteken in hierdie Wet—

(i) "korporasie" die korporasie vermeld in artikel 2 van die Wet op die Alexanderbaai-ontwikkelingskorporasie, 1989 (Wet No. 46 van 1989); (iv)

(ii) "maatskappy" die maatskappy vermeld in artikel 2; (iii)

(iii) "Maatskappywet" die Maatskappywet, 1973 (Wet No. 61 van 1973); (ii)

(iv) "Minister" die Minister vir Openbare Ondernemings; (v)

(v) "raad van direkteure" die raad van direkteure vermeld in artikel 5 van die Wet op die Alexanderbaai-ontwikkelingskorporasie, 1989. (i)

**Inlywing van korporasie as publieke maatskappy**

**2.** (1) Die raad van direkteure kan die registrateur van maatskappye skriftelik versoek om die naam van die korporasie in die registers van genoemde registrateur te verander in die name Alexkor Beperk en Alexkor Limited.

(2) Die versoek moet vergesel gaan van die akte van oprigting en statute van die beoogde maatskappy, onderteken deur die lede van die raad van direkteure met die goedkeuring van die Minister.

(3) Indien die akte van oprigting en statute aldus onderteken is, word hulle, wat betref die ondertekening daarvan, geag te voldoen aan die vereistes van die Maatskappywet vir die registrasie, ingevolge genoemde Wet, van so 'n akte en statute.

(4) By ontvangs van genoemde versoek en die akte en statute wat aldus onderteken is, registreer die registrateur van maatskappye dié akte en statute soos bedoel in artikel 63 van die Maatskappywet, endosseer hy 'n sertifikaat daarop dat die maatskappy ingelyf is, en verander hy die naam van die maatskappy soos versoek.

(5) Geen gelde is ingevolge die Maatskappywet ten opsigte van die registrasie van genoemde akte en statute betaalbaar nie.

**Uitwerking van inlywing van korporasie as maatskappy**

**3.** (1) Die inlywing van die korporasie as 'n maatskappy het geen uitwerking nie op sy regte en pligte wat voor dié inlywing verkry of opgeloop is, en sy naam word in enige stuk, met inbegrip van 'n stuk in verband met 'n regsgeding, geag vervang te wees deur 'n naam van die maatskappy.

(2) Geen hereregte bedoel in artikel 2 van die Wet op Hereregte, 1949 (Wet No. 40 van 1949), is betaalbaar nie ten opsigte van die oordrag aan die maatskappy van onroerende goed waarop hy op die datum van sy inlywing geregtig was ingevolge 'n ooreenkoms tussen die korporasie en die Staat maar wat op genoemde datum nog nie aan die korporasie oorgedra was nie.

(3) Ondanks die bepalings van artikel 285 van die Maatskappywet en ondanks die datum van inlywing van die korporasie as 'n maatskappy is die eerste boekjaar van die maatskappy die jaar wat op 31 Maart 1993 eindig.

# ACT

**To provide for the incorporation of the Alexander Bay Development Corporation as a public company and for matters connected therewith.**

*(English text signed by the State President.)*
*(Assented to 2 July 1992.)*

BE IT ENACTED by the State President and the Parliament of the Republic of South Africa, as follows:—

**Definitions**

**1.** In this Act, unless the context otherwise indicates—

(i) "board of directors" means the board of directors mentioned in section 5 of the Alexander Bay Development Corporation Act, 1989 (Act No. 46 of 1989); (v)

(ii) "Companies Act" means the Companies Act, 1973 (Act No. 61 of 1973); (iii)

(iii) "company" means the company mentioned in section 2; (ii)

(iv) "corporation" means the corporation mentioned in section 2 of the Alexander Bay Development Corporation Act, 1989; (i)

(v) "Minister" means the Minister for Public Enterprises. (iv)

**Incorporation of corporation as public company**

**2.** (1) The board of directors may in writing request the registrar of companies to change the name of the corporation in the registers of the said registrar to the names Alexkor Limited and Alexkor Beperk.

(2) The request shall be accompanied by the memorandum of association and the articles of association of the proposed company, signed by the members of the board of directors with the approval of the Minister.

(3) If the memorandum of association and the articles of association have been so signed they shall, as far as the signing thereof is concerned, be deemed to comply with the requirements of the Companies Act for the registration, in terms of the said Act, of any such memorandum or articles.

(4) On receipt of the said request and the memorandum and articles so signed the registrar of companies shall register the said memorandum and articles as contemplated in section 63 of the Companies Act, endorse thereon a certificate that the company is incorporated, and change the name of the company as requested.

(5) No fees shall be payable in terms of the Companies Act in respect of the registration of the said memorandum and articles.

**Effect of incorporation of corporation as company**

**3.** (1) The incorporation of the corporation as a company shall not have any effect on its rights and obligations acquired or incurred prior to such incorporation, and its name shall in any document, including any document in connection with any legal proceedings, be deemed to have been replaced by a name of the company.

(2) No transfer duty referred to in section 2 of the Transfer Duty Act, 1949 (Act No. 40 of 1949), shall be payable in respect of the transfer to the company of immovable property to which it was entitled on the date of its incorporation in terms of an agreement between the corporation and the State but which had on the said date not been transferred to the corporation.

(3) Notwithstanding the provisions of section 285 of the Companies Act and notwithstanding the date of incorporation of the corporation as a company the first financial year of the company shall be the year ending on 31 March 1993.

**Aandelekapitaal van maatskappy**

**4.** (1) Die aandelekapitaal van die maatskappy is R50 000 000, verdeel in 50 000 000 aandele met 'n pariwaarde van een rand elk.

(2) Die aandelekapitaal van die maatskappy kan van tyd tot tyd met die goedkeuring van die Minister vermeerder word deur die uitreiking van bykomende aandele met 'n pariwaarde van een rand elk.

(3) *(a)* Die Staat is, behoudens die bepalings van paragraaf *(b)*, die houer van die aandele in die maatskappy.

*(b)* Die Minister kan, met die instemming van die Minister van Finansies, aandele waarvan die Staat die houer is, aan enige persoon verkoop of op 'n ander wyse vervreem: Met dien verstande dat—

(i) sodanige verkoping of vervreemding van die aandele slegs kan geskied na 'n te-koop-aanbod daarvan, deur middel van 'n prospektus, onmiddellik voor die notering van die maatskappy op die Johannesburgse Effektebeurs;

(ii) die aandele teen 'n markverwante prys verkoop word;

(iii) 'n aandele-aansporingskema geskep word waarvolgens aandele ooreenkomstig die reëls van die Johannesburgse Effektebeurs aan werknemers van die maatskappy toegeken kan word;

(iv) 'n vereiste dat geen persoon regstreeks of onregstreeks meer as 20% van die uitgereikte aandelekapitaal van die maatskappy mag hou nie, in die Akte van Oprigting en Statute van die maatskappy beliggaam word; en

(v) 'n vereiste dat die totale aandelebesit van buitelandse aandeelhouers nie meer as 20% van die uitgereikte aandelekapitaal van die maatskappy mag oorskry nie, in die Akte van Oprigting en Statute van die maatskappy beliggaam word.

*(c)* Die regte verbonde aan die aandele waarvan die Staat die houer is, word deur die Minister uitgeoefen.

(4) Geen seëlregte is ingevolge die Wet op Seëlregte, 1968 (Wet No. 77 van 1968), betaalbaar nie ten opsigte van die uitreiking van aandele vermeld in subartikel (1).

**Herroeping van Wette**

**5.** Die Wette in die Bylae vermeld, word hierby herroep.

**Kort titel en inwerkingtreding**

**6.** (1) Hierdie Wet heet die Wet op Alexkor Beperk, 1992, en die bepalings daarvan tree in werking op die datum wat die Staatspresident by proklamasie in die *Staatskoerant* bepaal.

(2) Verskillende datums kan ingevolge subartikel (1) ten opsigte van verskillende bepalings van hierdie Wet bepaal word.

**Share capital of company**

**4.** (1) The share capital of the company shall be R50 000 000, divided into 50 000 000 shares, each with a nominal value of one rand.

(2) The share capital of the company may from time to time and with the approval of the Minister be increased by the issue of additional shares with a nominal value of one rand each.

(3) *(a)* Subject to the provisions of paragraph *(b)*, the State shall be the holder of the shares in the company.

*(b)* The Minister may, with the concurrence of the Minister of Finance, sell to any person or otherwise dispose of shares of which the State is the holder: Provided that—

(i) such selling or disposal of the shares may only take place after an offer for sale thereof, by means of a prospectus, immediately before the listing of the company on the Johannesburg Stock Exchange;

(ii) the shares be sold at a market related price;

(iii) a share incentive scheme be established whereby shares can be allocated to employees of the company in accordance with the rules of the Johannesburg Stock Exchange;

(iv) a requirement that no person shall hold, directly or indirectly, more than 20% of the issued share capital of the company, be incorporated in the Memorandum and Articles of Association of the company; and

(v) a requirement that the total shareholding of foreign shareholders shall not exceed 20% of the issued share capital of the company, be incorporated in the Memorandum and Articles of Association of the company.

*(c)* The rights attached to the shares of which the State is the holder shall be exercised by the Minister.

(4) No stamp duty shall in terms of the Stamp Duties Act, 1968 (Act No. 77 of 1968), be payable in respect of the issue of any shares mentioned in subsection (1).

**Repeal of Acts**

**5.** The Acts mentioned in the Schedule are hereby repealed.

**Short title and commencement**

**6.** (1) This Act shall be called the Alexkor Limited Act, 1992, and the provisions thereof shall come into operation on the date fixed by the State President by proclamation in the *Gazette*.

(2) Different dates may in terms of subsection (1) be fixed in respect of different provisions of this Act.

## Bylae

| No. en jaar van Wet | Kort titel |
|---|---|
| 46 van 1989 | Wet op die Alexanderbaai-ontwikkelingskorporasie, 1989 |
| 5 van 1990 | Wysigingswet op die Alexanderbaai-ontwikkelingskorporasie, 1990 |
| 11 van 1991 | Wysigingswet op die Alexanderbaai-ontwikkelingskorporasie, 1991 |

## Schedule

| No. and year of Act | Short title |
|---|---|
| 46 of 1989 | Alexander Bay Development Corporation Act, 1989 |
| 5 of 1990 | Alexander Bay Development Corporation Amendment Act, 1990 |
| 11 of 1991 | Alexander Bay Development Corporation Amendment Act, 1991 |

Gedruk deur Creda Press, Kaapstad, vir die Staatsdrukker, Pretoria, Tel. (012) 323-9731 X267—13000
Printed by Creda Press, Cape Town, for the Government Printer, Pretoria, Tel. (012) 323-9731 X267—13000